

Hermanusdoorns Aandeleblok Beperk

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP DIE PLAAS HERMANUSDOORNS

9 Augustus 2014 om 11H00

1 Verwelkoming

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 deur alle aandeelhouers te verwelkom en rig 'n spesiale verwelkoming aan alle nuwe aandeelhouers.

2 Verskonings

Dawid Mostert
Belrup (Rupert and Bellini)
John Rees
Michael Fikkert

3 Kennisgewing van vergadering en kworum

Daar was 85 (vyf en tagtig) van die 100 (een honderd) aandeelhouers in persoon of deur volmagtiging teenwoordig. Aangesien 'n kworum teenwoordig is, verklaar die Voorsitter dat die vergadering mag voortgaan.

Daarna is vasgestel dat die 14 (veertien) volmagtigings wat deur André Cochrane gewerf is, ongeldig is in terme van die MOI. (Verwys na punt 6 – Spesiale sake)

Die gewysigde aantal aandeelhouers in persoon of deur volmagtiging is hersien en verminder na 71 (een en sewentig) en die voorsitter bevestig dat 36 (ses en dertig) stemme vir Gewone besluite en 57 (sewe en vyftig) stemme vir Spesiale besluite, benodig word.

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied deur die vertoon van registrasie kaarte, waar elke kaart een aandeel en een stem verteenwoordig.

Keith Smith en Willie Vos bied aan om stemme te tel.

4 Voorsitter se verslag

4.1 Sedert die vorige jaarvergadering is 4 (vier) aandele verkoop en verwelkom die Voorsitter die nuwe aandeelhouers.

4.2 'n Minuut stilte word gevra uit eerbetoning aan aandeelhouers wat sedert die vorige jaarvergadering oorlede is:

- Mike Twiggs
- Karin Battenhauser
- Jenny Stroud

4.3 Die Voorsitter doen volledig verslag van die vorige jaar se aktiwiteite onder die volgende opskrifte:

- Vermindering van uitgawes – dieselverbruik is gehalveer, ander uitgawes het ook verminder.
- Herstel van swembad
- Vloede
- Veiling van aandele
- Kennisgewing van spesiale heffing in Oktober 2013 en die versoek om 2014/15 se heffings vroeër te betaal in 'n poging om eersgenoemde te verhoed
- Korttermyn oorbruggingsfinansiering deur die voorsitter in sy persoonlike hoedanigheid, ten einde die moeilike taak om 'n banklening te verkry te voorkom.

4.4 Hy bevrageeteken ook sommige aandeelhouers se bedoelings, wie sonder volle feite, poog om die maatskappy te ontspoor en dat selfs 'n regsaksie in die afgelope week teen die maatskappy ingestel is.

4.5 Die Voorsitter gee 'n volledige aanbieding van die vorige jaar se aktiwiteite onder die volgende opskrifte:

- Finansiële stand
- Kwessies van belanghebbendes
- Korporatiewe bestuur
- Infrastruktuur & Batebestuur
- Personeel Aangeleenthede
- Fauna & Flora
- Diensverskaffing

Die volledige aanbieding sal op die webtuiste beskikbaar gestel word.

4.5.1 Finansiële stand

Die Aanbieding:

- Reflekteer die finansiële stand van sake
- Bewys dat dit gesond is
- Bewys dat die maatskappy goed bestuur word en dat uitgawes onder beheer is

Bedryfskapitaal is nog steeds besonder gesond met goeie koste bestuur, met uitsondering van 'n paar noodsaaklike/onvermydelike items soos elektrisiteit, regskoste, aankoop van veiligheidsdrag, opgradering van rekenaar en vergoeding.

Die inkomste staat, met uitsluiting van kapitale uitgawes, is gesonder as in 2013. Die meeste uitgawes vir 2014 was minder as die begrote bedrae.

Die Voorsitter het ook die vergoeding van R68 000 verduidelik, wat 'n belangrike besprekingspunt was en wat hoër is as die teoretiese waarde, veroorsaak deur die vervanging van twee plaasbestuurders gedurende hierdie tydperk, wat in werklikheid beteken dat dubbel vergoeding vir drie maande betaal is.

Die vergoeding met die uitsluiting van die buitengewone gebeure wys dat daar 'n afname in vergoeding vir die tydperk 2014 tot 2015 sal wees, selfs met die aanstelling van nog 'n assistent bestuurder, om die bestuur van plaasaktiwiteite te verbeter.

Ten opsigte van die laat betaling van heffing op 31Maart 2014, was die situasie swakker as die vorige jaar (R387 000 vs R321000) alhoewel die situasie op 31 Julie beter was (R77 000 vs R158 000).

Van die 5 (vyf) aandeelhouers wat in 2013 vir regstappe oorhandig is, as gevolg van onbetaalde heffings, is daar bevestiging om twee per veiling te verkoop. Twee van die oorblywende 3 wat rekenings vereffen het, was 'n jaar later weer agterstallig. Dit het onnodige regskoste tot gevolg gehad, wat in die inkomste staat reflekteer.

Die heffing vir die finansiële jaar 2015/16 sal volgens aanduiding met 2.5% verhoog tot die bedrag van R22 750 per jaar, op voorwaarde dat die Spesiale besluit vir 'n spesiale heffing aanvaar word. Indien nie, sal 'n groter persentasie moontlik nodig wees. Skoonmaak en wasgoeddienste word nie verhoog nie, elektrisiteit sal as gevolg van Eskom verhoging met 20% verhoog. Alarm monitering sal ook verhoog.

Die heffings is jaarliks teen 31 Maart betaalbaar. Mnr Johan Hoffman het genoem dat hy nie sy heffingsfaktuur ontvang het nie. Die Voorsitter versoek dat persone wat probleme ondervind met e-pos kommunikasie, hulle adresse met John Hill moet bevestig.

4.5.2 Kwessies van Belanghebbendes

Die nuwe voorgestelde plaasbestuur struktuur is meer koste effektief selfs met 'n addisionele assistent bestuurder wat duidelike take, verantwoordelikheid en steun tot gevolg het, om situasies soos 'n jaar gelede te voorkom waar geen bestuur op die plaas teenwoordig was

midde die brand seisoen. Daar was trouens twee weke gelede 'n veldbrand in die berg as gevolg van 'n foutiewe kragkabel.

Daar was 'n verbetering ten opsigte van die instandhouding van bates, beter kontroles en groter sigbaarheid van plaasbestuur tot voordeel van aandeelhouers, sowel as 'n direkteur (Johan Kotze) wat 'n permanente inwoner op die plaas is.

Die Department van Arbeid het in die periode onder oorsig bevind dat die plaas aan alle vereistes voldoen, nadat 'n paar klein sake aangespreek en reggestel is.

Kwotasies vir die implementering van 'n nuwe sekuriteitstelsel word afgewag.

Die Voorsitter bedank verskeie aandeelhouers vir donasies van bates, opgradering van paaie en ingang tot die plaas, asook die opknapping van die snoepie en kantoor, en verskaffing van 'n klankstelsel vir die jaarvergadering.

4.5.3 Korporatiewe bestuur

Die MOI wat op die 2013 jaarvergadering goedgekeur is, is geïmplementeer en daar is begin om alle aandeelhouers se kontrakte volgens die MOI op te dateer.

Nuwe aandeelsertifikate wat die standplaasnommer aantoon is uitgereik.

4.5.4 Infrastruktuur & Batebestuur

Die opgradering van paaie, brue en damme as gevolg van die vloede bly prioriteit. Voordurende vervanging van swak elektriese kables met nuwe kables, in die berg, gaan voort.

'n Toetslopie gaan gedoen word om 'n solar boorgatpomp te installeer, ten einde die lewensvatbaarheid daarvan te bepaal. Dit is 'n poging om die elektrisiteitsrekening te verlaag en sal in 2016 uitgebrei word, indien dit blyk suksesvol te wees.

Voertuie word baie beter in stand gehou in vergelyking met die verlede.

Somige aandeelhouers se wonings benodig onderhoud en die Voorsitter versoek dat aandeelhouers daaraan aandag sal gee.

4.5.5 Personeel Aangeleenthede

Beplanning, opleiding en vaardigheidsontwikkeling is belangrik. Aantal personeel, uitsluitend bestuur beloop 9 (3 vroulik en 6 manlik).

4.5.6 Fauna & Flora

Uitdunning van die bos is nog 'n prioriteit. Alhoewel daar op die inbring van beeste besluit is as voorkeur metode by die vorige jaarvergadering, het die metode probleme, naamlik bosluise, snotsiekte, ens.

Mnr Twigg adviseer dat die inbring van beeste nadelig is, aangesien sekelbos saad deur hulle dieet versprei word.

'n Wildvang metode bekend as passiewe vangs is gebruik in plaas van 'n helikopter soos in die verlede.

Die bedoeling was om koedoes en rooibokke te vang. Die metode blyk tot dusver suksesvol te wees wat koedoes betref.

Opbrengste op wildvangste sal gebruik word om die genepoel van wildspesies te verbeter.

Mnr Jan Swanepoel se kommentaar is dat hy minder diere as voorheen gesien het. Die Voorsitter sê dit gaan eerder oor die verskeidenheid spesies, as getalle.

4.5.7 Diensverskaffing

Die fooie vir volgende jaar is reeds bespreek.

Aandeelhouers moet asseblief eerder telefonies met plaasbestuur reëlings tref ten opsigte van skoonmaak en ander dienste, in plaas van SMS of E-pos boodskappe.

5 **Gewone Sake**

a Gewone Besluit 1

Aanvaarding van die notule van die AJV gehou op 10 Augustus 2013 word aangeteken as eerste besluit.

'n Regstelling is gemaak op die notule van 2013. Mnr Johannes Venter en nie Mnr Jurie Venter het 'n voorstel gemaak vir die her-instelling van jag in terme van punt 8 "Algemeen" op die laaste bladsy van die notule.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr Hannes Venter
Sekondant: Mnr Bill Benecke

Algemeen aanvaar.

b Gewone Besluit 2

Aanvaarding van die maatskappy se finansiële state vir die tydperk eindigend 28 Februarie 2014, asook die verslae van direkteure en ouditeure.

Mnr Vosloo se kommentaar is dat die Finansiële verslag 22 bladsye beloop, tog is daar nie genoegsame inligting met betrekking tot uitgawes nie. Hy versoek 'n uiteensetting van die administratiewe uitgawe, asook salarisse en lone.

Mnr du Plessis het bevestig dat meer inligting 'n verslag van 30 bladsye tot gevolg kan hê. Mnr Willie Botha verduidelik dat slegs bladsy 9 van die inkomstestaat 'n vereiste is om aan die wet te voldoen. Die laaste 2 bladsye met inligting met betrekking tot inkomste en uitgawe is net vir inligting.

Mnr. Vosloo en Cochrane het gepoog om Mnr du Plessis in verband met sekere sake, in 'n slegte lig te stel. Mnr Vosloo vra Mnr. Du Plessis of hy 'n uitvoerende of nie-uitvoerende direkteur is, waarop Mnr du Plessis antwoord dat hy 'n nie-uitvoerende direkteur is. Mnr Cochrane sê dat hy Mnr du Plessis via 'n e-pos, in sy hoedanigheid as Finansiële direkteur, 'n vraag gevra het, waarop Mnr du Plessis gereageer het dat hy 'n nie-uitvoerende direkteur is en ook nie die Finansiële direkteur nie. Mnr Cochrane reageer dat Mnr du Plessis in 2009 as 'n direkteur benoem is. Mnr du Plessis verduidelik die verskille, in terme van die Wet, tussen 'n uitvoerende, nie-uitvoerende en onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Mnr Cochrane bevraagteken die feit dat Mnr. du Plessis as 'n nie-uitvoerende direkteur aandui dat hy nie betrokke is met die dag tot dag administrasie nie. Mnr. du Plessis antwoord daarop dat Mnr. Cochrane behoort te weet dat hulle nooit met mekaar, betreffende dag tot dag take, gehandel het terwyl hy die bestuurder was nie.

Mnr. du Plessis se reaksie met betrekking tot Mnr. Vosloo se opmerkings rakende Mnr du Plessis se kennis van die King Kommissie, is dat al die direkteure, nie-uitvoerende direkteure is, aangesien hulle nie voltydse uitvoerende rolle vertolk nie.

Wat die oorbruggingsfinansiering deur die Voorsitter betref, beweer Mnr Vosloo dat volgens die King Kommissie die Voorsitter nie eers 'n 1% lening aan die maatskappy mag maak nie.

Mnr Willie Botha verduidelik dat die bepalings van Artikel 226 van die ou Wet op Maatskappye of Artikel 75 van die nuwe Wet op Maatskappye, die maatskappy verbied om lenings aan direkteure te maak (nie van direkteure). Direkteure het nie die mag om die maatskappy se bates te belas sonder 'n besluit nie. In hierdie geval van die korttermyn lening deur die Voorsitter was dit, sonder sekuriteit, en was dit 'n risiko vir die Voorsitter. Mnr. Botha verduidelik ook dat daar 'n verskil is in, om finansiering te bekom en 'n lening aan te gaan.

Mnr. du Plessis noem dat dit by Oktober 2013 duidelik was dat daar 'n tekort kan wees (hoofsaaklik as gevolg van die onvoorsiene uitgawe aan die swembad). Alhoewel aandeelhouders versoek is om hulle heffings vroeër te betaal het slegs 5 daarop gereageer. In terme van artikel 20.2.1 van die MOI kan direkteure van tyd tot tyd volgens hulle diskresie van die lede geld leen vir maatskappy gebruik.

Teen die einde van Desember was daar slegs 3 alternatiewe:

1. Die bank te nader en sodoende deur al die "Fica" prosedures te gaan
2. Nie skuldeisers te betaal nie
3. 'n Spesiale vergadering te belê om R200 000 oorbruggingsfondse te bekom

Bogenoemde was nie prakties moontlik nie en die aandeelhouders behoort die Voorsitter te bedank dat hy in sy persoonlike hoedanigheid die geld onversekerd voorsien het. Die aangeleentheid is duidelik in die finansiële state uiteengesit.

Mnr. du Plessis het gesê dat hierdie ervaring eenvoudig veroorsaak dat in 'n soortgelyke situasie in die toekoms, die Voorsitter nie weer die oorbrugging fondse sal voorsien nie en dat 'n spesiale vergadering dan gereël sal moet word om fondse te bekom.

Mnr. Sean Twigg bedank die Voorsitter vir sy onbaatsugtige hulp.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr P Groenewald

Besluit word algemeen aanvaar.

c Gewone Besluit 3

Die besluit vir die heraanstelling van Russell James en Kie as ouditeure vir die maatskappy tot en met die volgende algemene jaarvergadering.

Mnr Vosloo vra 'n vraag rakende die rotasie van ouditeure en die aard van rotasie – of dit slegs die vennoot is wat roteer of die firma. Volgens hom behoort ten minste die vennoot te roteer.

Mnr Maritz het gereageer en gesê dat hulle riglyne van die "IRBA (Independent Regulatory Board for Auditors)" ontvang het en dat die 5 Jaar periode I Januarie 2014 'n aanvang geneem het. Hy sal Mnr. Vosloo van 'n afskrif van die riglyne voorsien.

Daar word tot stemming oorgegaan.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr P Groenewald

Daar was 1 teenstem en die besluit word aanvaar.

6 **Spesiale Sake**

Die volgende besluite word sonder of met veranderinge as spesiale besluite voorgehou.

Voor die besluite ter tafel geneem is het Mnr Vosloo navraag gedoen of die plaas aansoek gedoen het vir permitte, meer spesifiek lisensies oor water gebruik, doel van die dam en dat 'n omgewingsimpak studie vanaf die Departement van Waterwese benodig word om as 'n kategorie 1, 2 of 3 dam geklasifiseer te word. Hulle gee slegs toestemming op 'n kategorie 1.

Mnr Vosloo doen ook navraag of die boorgate in die berg geregistreer is.

Dit neem tot 2 jaar om die papierwerk af te handel en Mnr Vosloo bied sy hulp daarvoor aan, aangesien hy ondervinding daarvan het op 'n plaas in die Vrystaat.

Volgens Mnr Jaques Marais is die Wet nie duidelik in die verband nie. Hy noem ook dat 'n D9 stootskrapeer by 'n myn in Mpumalanga nodig is en dat hy seker is dat dit nie nodig is vir ons projek nie.

Mnr André Cochrane gee te kenne dat die Voorsitter nie eerlik is met die finansiële status van die aandele blok nie en dat hy uitstekend was daarin om aan die vergadering te vertel wat hulle graag wil hoor. Hy bevraagteken die geld wat bestee is aan lugversorgers, klein plaveisel projekte, die swembad en veiligheidshekke, terwyl die maatskappy se finansies onder druk is.

Mnr Cochrane bevraagteken ook die aankoopprys van 'n kragopwekker wat 'n paar jaar gelede aangekoop is. Hy kritiseer 'n betaling van R 95 000 aan die boekhouer wat nie haar werk behoorlik doen nie. Mnr Cochrane is ook ongelukkig oor die navraag t.o.v aandeelhouders, wie se rekeninge agterstallig is, waarop hy nog geen antwoord ontvang het nie, aangesien alle rekeninge op datum was toe hy daarvoor verantwoordelik was en verder dat ons terug gaan na "waar ons was". Geen melding is aan die aandeelhouders gemaak van die R110 000 inkomste vanaf Eskom vir die serwituut, 'n bakkie wat 'n paar jaar gelede gekoop is en die verandering in verkoopsbelasting op aandele blokke. Volgens Mnr Cochrane is aandeelhouders in onnodige projekte gestoomroller. Hy sinspeel daarop dat hy nog baie ander voorbeelde daarvan het.

Hy beweer ook dat die heffingsstruktuur nie op twee direkteure, Mnr Perrie en du Plessis van toepassing is nie, aangesien hulle slegs enkel heffings betaal, terwyl hulle konsortiums is. Mnr Perrie neem eksepsie hierteen en bevestig dat hy vir 'n 2 konsortium heffing betaal en dat hy die fakture daarvoor as bewys sal toon.

Mnr du Plessis verduidelik daarop die agtergrond tenopsigte van die Bof transaksie wat 10 jare gelede plaasgevind het. Bof wou aanvanklik nie verkoop nie, maar het tot 'n ooreenkoms met Hermanusdoorns gekom, ten einde vir Hermanusdoorns toegang tot die de Backer eiendom te laat bekom. Hy verduidelik die beperkings soos in die ooreenkoms vervat en benadruk ook die feit dat slegs een nie-inwonende heffing altyd van toepassing sal wees. Waarom Mnr Cochrane hierdie beskuldiging maak is vir Mnr du Plessis onduidelik, aangesien Mnr Cochrane deel was van die onderhandeling en deeglik bewus is van die inhoud van die ooreenkoms. Die bestaan van hierdie ooreenkoms is ook geïnkorporeer in die Memorandum van Inkorporasie (MOI).

Mnr du Plessis het dit duidelik gestel dat hy nie tevrede is, met die wanvoorstellings aan aandeelhouders, deur Mnr Cochrane nie.

Voor die Spesiale Besluite bespreek en vir stemming voorgehou is, het Mnr du Plessis vir 'n spreekbeurt gevra.

Hy meld die feit dat 'n aantal aandeelhouers hulle bekommernis uitgespreek het dat Mnr Cochrane besig was om volmagte te werf en die bekommernis van die direksie is dat die werwing gebaseer is op wanvoorstellings.

Mnr du Plessis het 'n skrywe wat van 'n aandeelhouer ontvang is, voorgelees waarin volmag aan Mnr Cochrane teruggetrek word, omdat die aandeelhouer nie bewus was van die feite nie, aangesien die kennisgewing van die vergadering nog nie deur die aandeelhouer ontvang was nie. Die volmag is suksesvol teruggetrek en deur middel van die korrekte volmag vorm, soos in die kennisgewing vervat, aan 'n ander aandeelhouer gegee.

Verder het Mnr du Plessis 'n skrywe voorgelees wat 'n aandeelhouer aan die direksie gestuur het wat deur Mnr Cochrane aan die aandeelhouer gerig is. Hierdie skrywe, afgesien van die aanduiding van hoe om te stem, beweer onder andere, betreffende die algemene staat van uitgawes – “this is completely out of control and must be addressed”.

Mnr du Plessis vra die aandeelhouers om vir hulleself te besluit of die finansies buite beheer is.

Volmagte moet in ooreenstemming met die maatskappy se reëls en regulasies / prosesse hanteer word. Die Memorandum van Inkorporasie (MOI) is die konstitusie en bepaal die reëls van die maatskappy en Mnr Cochrane moet bewus wees van die voorgeskrewe voorbeeld van 'n volmag, soos vervat in bylae 3 van die Memorandum van Inkorporasie (MOI), en wat die verskillende resolusies/besluite/voorstelle uitspel, wat 'n aandeelhouer toelaat om vir, teen of buite stemming te bly.

Die volmate wat deur Mnr Cochrane versprei is voldoen nie aan die formaat wat die Memorandum van Inkorporasie (MOI) vereis nie en is derhalwe ongeldig en behoort verwerp te word. 'n Spesiale besluit kan die Memorandum van Inkorporasie (MOI) wysig en dit kan nie toegelaat word om te gebeur deur wanvoorstelling en ongeldige volmagte nie.

Mnr du Plessis se aanbeveling is dat die 14 volmagte wat Mnr Cochrane gewerf het, nie aanvaar word nie.

Mnr Gideon van Zyl wou van Mnr Cochrane weet waarom hy, in al die tyd wat hy 'n direkteur en plaasbestuurder was, nooit die aandeelhouers, van die verskeie bewerings wat hy nou maak, ingelig het nie.

Mnr Vosloo beweer dat die formaat van die volmag tegnies van aard is, waarop Mnr du Plessis reageer, dat dit grondwetlik is.

Mnr Cochrane noem dat dit hy was wat die regsstappe teen die maatskappy geneem het waarna die voorsitter in sy opening en agtergrond opmerkings verwys het, in terme van punt 4.3 en dreig dat die uitspraak op die volmagte die maatskappy nog baie geld gaan kos. Die Voorsitter reageer en vra daarop aan Mnr Cochrane of die maatskappy nie sy verpligtinge rakende die regsstappe wat deur hom ingestel is, respekvol hanteer het nie. Mnr Cochrane reageer dat hy nie verplig is om die inligting te openbaar nie.

Die Voorsitter stel voor dat die vergadering tot stemming oorgaan om te bepaal of die volmagte wat deur Mnr Cochrane verkry is en wat almal in dieselfde formaat is, aanvaar moet word.

Stemme ten gunste	-	13
Buite stemming gebly	-	3

Die mosie om die volmagte te aanvaar word afgewys.

Die volmagte wat deur Mnr Cochrane ingehandig is is nie aanvaar nie en hy gee die stemkaarte en die verkiesingsstrokies terug aan die Voorsitter.

Die aantal persone teenwoordig in persoon en deur volmag word gewysig van 85 na 71.

Die vergadering gaan voort met die oorweging van die twee Spesiale Besluite ter tafel.

a Spesiale Besluit 1

o Inleiding tot Spesiale Besluit 1

As gevolg van die vloede gedurende die eerste kwartaal van 2014, is groot skade aan die infrastruktuur van die plaas veroorsaak. Sommige van die skade is as volg:

- Skade aan die Breëkloof en Donkerkloof brue aan die oostekant van die plaas.
- Erge erosie in die Donkerkloofsloot in die noord/oostelike gedeelte van die plaas. Die erosie het reeds tot in die aangrensende plaas ingekalf en veroorsaak dat die bestaande grensdraad nie meer doeltreffend is nie. Die buurman het reeds 50% van die oostelike grens op sy eie koste vervang.
- Strukturele skade aan die pad en brue wat toegang tot die berg in Breëkloof verleen.
- Vernietiging van die skuddam aan die voet van Breëkloof
- Algemene skade aan paaie aan die noordelike grens van die plaas.

Die beraamde koste om bogemelde te herstel beloop ongeveer R380 000. Onbegrote koste aan die swembad van R270 000 gedurende die laaste finansiële jaar is 'n verdere faktor, wat veroorsaak dat die totale onbegrote kapitale uitgawe op R650 000 te staan kom.

Hierdie gesamentlike faktore het die maatskappy se kontantvloei uitgeput en tot gevolg gehad dat die maatskappy 'n korttermyn lening moes aangaan om sy finansiële verpligtinge in die vorige finansiële jaar na te kom.

Herstelkoste word as volg begroot:

- Herstel en wyer maak van genoemde brue (voltooi)
 - o R25 000
- Verlê die Donkerkloofsloot weg van die oostelike grens, in lyn met die deurlaat onder die teerpad, opvul van die ou sloot en bou van nuwe pad.
 - o R125 000 (nuwe pad reeds voltooi)
- Bou van dam in Breëkloofspruit ten einde oorstroming te voorkom.
 - o R25 000
- Voltooiing van die oorblywende gedeelte van die oostelike grensdraad
 - o R80 000
- Voorlopige herstelwerk aan ander paaie, nie die bergpad. (reeds gedoen)
 - o R15 000
- Voorlopige herstel van bergpaaie (reeds gedoen)
 - o R25 000
- Herbou van brue en slote in Breëkloof
 - o R60 000
- Herbou van skuddam
 - o R25 000

Deeglike beplanning en koste besparing oor die afgelope 18 maande het tot gevolg dat die maatskappy nie die volle R650 000 soos hierbo aangetoon, benodig nie, maar slegs 'n spesiale heffing in die som van R376 000. Dit verteenwoordig R4000 per aandeel, uitsluitend die 6 aandele wat in die proses van herverkoop is soos per Spesiale Besluit 2 van die jaarlikse vergadering van 2013.

o Spesiale Besluit 1

Aanvaarding van Spesiale Besluit 1 om 'n eenmalige spesiale heffing van R3500 per aandeel te hef.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr A du Plessis

Stemme teen	-	24
Stemme ten gunste	-	44
Buite stemming gebly	-	3

Die besluit word afgewys.

b Spesiale Besluit 2

'n Bespreking het plaasgevind voor die besluit ter tafel geneem is, waarin Mnr Willie Botha voorgestel het dat terugkoop van aandele per veiling beperk word tot 2 aandele waarvoor die maatskappy reeds 'n lasbrief het.

'n Stemming is gehou en aanvaar om van die kennisgewingsperiode af te sien.

o Inleiding tot Spesiale Besluit 2

Deel van ons deurlopende pogings om uitstaande skuld van aandeelhouers te verhaal, het ons die geleentheid om 2 aandele op veiling te verkoop ten einde alle uitstaande skuld en regskoste te dek. Dit is die direksie se voorneme om aan die veiling deel te neem met 'n aanbod vir gelykstaande aan die uitstaande skuld, insluitend die regskoste, as bedrag vir die aandele. Dit is in effek die terugkoop van hierdie aandele en daarvoor is 'n spesiale besluit nodig.

o Spesiale Besluit 2

Aanvaarding van Spesiale Besluit 2 om die direksie te magtig om 2 aandele wat op veiling gaan, terug te koop as gevolg van agterstallige heffings en ander gelde deur die aandeelhouers verskuldig.

Voorsteller: Mnr M Perrie
Sekondant: Mnr H Venter

Stemme teen	-	9
Stemme ten gunste-		62
Buite stemming gebly	-	0

Die besluit word aanvaar

7 **Verkieping van Direkteure**

Mnre. M Perrie en C Hattingh tree uit as direkteure in terme van die rotasie proses en is beskikbaar vir herverkieping.

Mnr du Plessis vra om 'n paar woorde te sê voor die stemming plaasvind.

Hy sê Mnr Perrie het 'n baie goeie kennis i.v.m Hermanusdoorns, het baie inisiatief aan die dag gelê en gee goeie leiding aan die direksie. Hy kan nie deur enige van die huidige direksie lede vervang word nie. Hy het nie die plaas nodig nie, maar die plaas het hom nodig.

Beide die direkteure is herverkies.

8 Algemeen

Mnr Vosloo vra of 'n aanskaffingsbeleid in plek is. Aangesien die maatskappy nie een het nie het die Voorsitter onderneem om die noodsaaklikheid daarvan te ondersoek.

Mnr Vosloo het verder uitgewys dat indien 'n nie-uitvoerende direkteur op die oudit komitee dien hy elke jaar herkies moet word. Mnr Willie Botha verduidelik dat die maatskappy nie oor 'n oudit komitee beskik nie, aangesien dit net vir groot genoteerde maatskappye nodig is, maar het 'n Finansiële Verslagdoeningskomitee, waarvan die vereistes minder streng is.

Mnr Dawie Botha het versoek dat die datum van die jaarvergadering na die Julie skoolvakansie verskuif word om aandeelhouers wat baie vêr bly te akkomodeer. Die Voorsitter sê dat tydsdruk vir oudit, dit feitlik onmoontlik maak om die datum te verskuif.

Mnr Hoffman het terugvoering gevra omtrent boogjag op die plaas. Daar was geen vordering nie en versoek dat dit op die agenda moet bly.

Mnr van der Merwe het die probleem van bobbejane en hul vernielsugtigheid aan huise geopper. Hy noem dat daar tans drie trope op die plaas is. Die Voorsitter reageer daarop dat navrae gedoen is en daar is bevestig dat 'n permit nodig is om 'n paar te skiet. Dit is in proses.

Me Taylor lewer kommentaar dat die skoonmaak van huise nie meer is soos dit voorheen was nie. Die probleem is egter die persoon wie oor naweke aan hulle toegewys word wat nie altyd so goed kan verstaan en kommunikeer nie. Aandeelhouers moet in ag neem dat dit nie altyd moontlik is om 'n skoonmaker of 'n spesifieke skoonmaker te kry nie, as gevolg van die aanvraag op sekere tye.

Aan aandeelhouers is bevestig dat motorfietse tot by die ontspanningsarea mag inry waar voorsiening gemaak word vir parkering.

Geen verdere sake is deur aandeelhouers geopper nie.

Die Voorsitter bedank al die aandeelhouers vir hul bywoning en insette. Hy bedank ook sy mede direkteure, finansiële verslagdoeningskomitee en ouditeure en 'n spesiale woord van dank aan die personeel en plaasbestuur vir hulle harde werk om die plaas in so 'n goeie toestand te hou.

Die Voorsitter nooi almal uit om van die koedoepotjie en heerlike vars tuisgebakte brood wat deur die plaasbestuur voorberei is, te kom nuttig.

Die vergadering verdaag om 13h30.

Voorsteller: Die hele vergadering.